## My klein karoo

Ek wil my kop gaan bêre
in 'n bloesem vygies
in my klein karoo
die aandlug sien streel
oor rimpels klip
en voel wie moeder ons
as smôres die skaaptrop
honger die bossieveld vat.

## Karoodorp

Iets groot het op hierdie vlak
halsstarrig gedood
tot flenters en dolosse
gestuip
in 'n vreemde
verbleikte boodskap –
nou nog mik
een horing
na die blou lap van die lug.

Digter: Wium van Zyl.
Bron: *Oggendvuur*. Kaapstad: Tafelberg, Kaapstad. 1991. (p. 29).

Steun onze taal- en onderwijsprojecten! Donaties zijn zeer welkom: NL05INGB 000 455 6117 tnv. Stichting Dibana te Veenendaal.